LEKTUUR VIR TOERUSTINGSONDAG – 10 September 2017

"Ons glo soms maklik wat vir ons maklik is om te glo. Maar die pad agter Jesus aan is tog 'n kruisweg, een wat altyd uitloop op 'n plek en 'n tyd waar die spykers in ons eie wil en begeertes en gierighede en luste en stereotiperings en vooroordele en liefdeloosheid vasgekap moet word. Sodat die Gees wat ons in die hele waarheid lei, ons op dié manier kan vrymaak om Jesus in woord en daad en stilbly en weerhouding te volg."

*(Uit: **Seisoene van genade** – Dr Barend Vos se opdragwerk by herdenking van Christelike Lektuurfonds se sestigjarige bestaan – beskikbaar)*

Met dissipelskap, missionaalwees en gestuurdheid op almal se lippe, kan gemeentes slegs gehoorsaam wees aan die opdrag om 'n verskil te maak, deur die aktivering en bemagtiging van elke lidmaat om 'n positiewe impak in gemeenskappe te maak.

Lidmate moet gehelp word om hul gawes te ontdek en hulle moet toegerus en gelei word, sodat hul as deel van die Liggaam van Christus kan funksioneer

Die volgehoue proses van toerusting is vir nodig is vir geestelike groei van individue en gemeentes as geheel.

Christelike Lektuurfonds wil graag gemeentes weer bewusmaak van voorbeelde van lektuur wat beskikbaar is om gemeentelede toe te rus:

- Pragtige en kleurvolle gratis pamflette met verskillende onderwerpe wat benut kan word om die evangelie te verkondig, geestelik te versterk, hoop te gee en te bemagtig om regte lewenskeuses te maak.
- "Say it in isiXhosa/Sê dit in isiXhosa": Xhosa grammatika publikasie - om die taal van 8 miljoen Suid-Afrikaners te leer ken, verstaan en praat, sodat die evangelie in hul hartstaal gekommunikeer kan word (@ R90 – posgeld uitgesluit)
- "Shout is loud": 30 multi kulturele, multi-rassig en multi-talige preke wat die goeie nuus van God se verlossing verkondig (@ R120 – posgeld uitgesluit)
- "Vertel,Vertel" geloofsgroeireeks vir 8-16 jariges vir gebruik in jeugbediening of geloofsgroei in gesinskonteks. (5 boeke @ R75 elk – posgeld uitgesluit)
- "A simple guide on mission and evangelism": Eenvoudige handleiding om oor taal, kultuur, ekonomiese en geografiese grense missionaal uit te reik met die goeie nuus van die evangelie.(@ R30 – posgeld uitgesluit)

- “Gestuurdes – saam, met woord en daad” – ’n publikasie deur Prof Dons Kritzinger wat fokus op ons roeping tot sending. (@ R50 – posgeld uitgesluit)
- “Mattheus, volg My!” – Herman Breytenbach omskep Mattheus in ’n werklike vlees-en-bloed persoon wat net soos ons al die ervaringe van die lewe deurgaan om uiteindelik net een waarheid – om Jesus te volg – te ontdek. (@ R130 – posgeld uitgesluit)
- “Die Evangelie van Johannes” – Herman Breytenbach se pragpublikasie as ideale metgesel as jy ’n pad van geestelike verdieping wil aanpak. (@ R160 – posgeld uitgesluit)

Besoek gerus ons webwerf by www.clf.co.za om die wye verskeidenheid publikasies wat beskikbaar is te sien en te bestel of skakel 021 8736964 vir verdere navrae.